

HOOFSTUK II.

LEWENSAGTERGROND EN EERSTE POGINGS.

I.

Totius het vir sy hele vorming oneindig veel te danke aan sy daadkragtige vader ds. S. J. du Toit, die bewegende krag agter die Eerste Afrikaanse Taalbeweging. By S. J. du Toit, as daadmens, veruitwendig die Calvinistiese lewensbeskouing hom en breek dit deur in ideale wat na praktiese verwesenliking strewe; by Totius, as nabinne-skouende mens, as dromer, het hierdie lewensskouing verinnerliking gevind, word dit tot 'n digterlike eenheid verdiep. Ons moet die grondslae van Totius se hele lewensopvatting gaan soek in 'n tyd van godsdienstige, kulturele, politieke oplewing; daar sal ons ook die spore van sy eerste „perbeerslae” in die kuns kry.

II.

In 'n tyd van stryd en behoud vir eie tradisie het Totius opgegroeï in 'n sfeer van suiwer nasionale gedagte. Sy vader was die wonder van sy eeu, 'n man met skerpsienende blik, met onverskrokke deursettingsvermoë. Wie vandag na sy portret kyk, merk aan die hoë voorhoof, die vorsende oë dat hy hier te doen het met 'n mens met besonder aanleg — want S. J. du Toit was dan ook sonder twyfel 'n genie. In 'n tyd van algemene verwarring, van verengelsingsneigings het hy, bygestaan deur sy wakker vriende, rigting aangewys, lewensverhoudings bepaal op 'n wyse soos 'n leier dit alleen kan doen. Want hy was 'n gebore leier, sy hele voorkoms, dade, loopbaan bewys dit.

Navolging is die kenmerk van die middelmatige, onoorspronklike mens, maar die sterk gees sien nuwe weë oopgaan, kan die verhouding van teenswoordige waardes in verband met moontlike toekomsverwikkelinge bepaal, kan

DIE DIGTER TOTIUS.

skep en geskiedenis maak. S. J. du Toit het dan nie alleen invloed op sy hele omgewing laat uitgaan nie, hy het sy digterlik aangelegde seun Totius van jongs af gevorm, laat groei en ontwikkel in die kring van nasionale herlewing. Totius kon later van naderby sien hoe sy vader gely en gestry het vir 'n ideaal, hoe hy smaad en hoon geken het, en tog in weerwil van alles 'n groot man gebly het. „Ds. Du Toit was 'n Ismaël: sy hand was teen almal, en almal se hand was teen hom. Dit was sy roeping om harde dinge te sê,” so teken Totius sy strydvlugtige vader vir ons in *S. J. du Toit in Weg en Werk*,¹⁾ 'n boek waarin veel belangwekkende stof byeengebring is, al het die skrywer nie soos die moderne biograaf met intuïtiewe deurskouingsvermoë vir S. J. du Toit laat lewe nie. Sy vader moes 'n geweldige indruk op die jong, ontwakende gemoed van die digter gemaak het,²⁾ want hy ontleen later digterlike motiewe aan sy vader se werk; ons merk dikwels hoe die skaduwee van die reuse-figuur oor Totius se ontwikkelingsweg val; in sy innige persoonlike liriek, soos ons dit vind in *Wilgerboomvogies* word die grote dode herhaaldelik herdink, word die natuur ingeroep wanneer die digter oorgaan tot sinnebeeldige bespiegeling.

Sy vader se dood sien hy so:

As sy dag gaan sterwe.

Aangesigte roerloos staan,
as sy dag gaan sterwe,
as sy laaste boodskap oor
breë vlaktes swerwe
nes 'n laaste westergloor;

as in stilte, dof — geweën,
magtige oëlede,
wat met groot geglans geblink
het, in krankheidsomberhede
laag en altyd laer sink;

en sy siel nog,
diep in smarte
ingewoel, met ver gerug
blaas in diep-bewoë harte
laaste biddensug,

DIE DIGTER TOTIUS.

tot hy werkensmoeg,
op die skemer-kus
in sy grafstee ondergaan.
Dan sy werk, as steen van rus
groot bly staan.....

S. J. du Toit was ook digter,³⁾ en sy *Nag en Dageraad in Matabeleland* getuig van besonder talent, van sterk verbeeldingskrag, al het dit nie iets groots geword nie. Totius is van mening dat sy vader nie die rus en stilte gehad het om sy emosies te verwerk nie. Sy bedrywige lewe het hom dit nie gegun nie.

Sy lewensideaal het hy aan Totius oorgedra, 'n ideaal wat godsdiens, taal en nasionaliteit omspan. „Daar lê iets profeties in die ideaal van Du Toit, iets visionêrs; Du Toit is 'n geestelike nasaat van Bilderdyk en Da Costa, maar hy besit wat hulle nie gehad het nie: die gawe om sy ideale prakties te verwesenlik.”⁴⁾ Nie altyd het hy dit reggekry nie, maar sy verdienste lê miskien nog die meeste daarin dat hy groot dade gedroom het en dat ander later daardie dade wesensgestalte gegee en in praktyk uitgewerk het. Al het hy soms lelik gedwaal — watter genie het dit nie gedaan nie? — ons dink aan sy houding teenoor die Republieke tydens die Engels-Boere-oorlog, — tog kan ons nouliks sy betekenis oorskat, 'n betekenis wat in sober maar betekenisryke woorde op sy grafsteen saamgevat is: *Vader van die Afrikaanse Taal*.

III.

Byg.
In 'n tydperk van nasionale verslapping, van stelselmatige verengelsing van die Afrikaner was die Pêrel een klein ligpuntjie van nasionale herlewing in die Kaap-provinsie. En in hierdie omgewing is Totius gebore, het hy 'n tydlank gewoon, en later in Transvaal, waarheen sy vader, as Superintendent van Onderwys, verhuis het, die nasionale stryd van die burgers van die Republiek gedurende die Eerste Vryheidsoorlog teen Engeland te sien. In suiwerder nasionale omgewing kon 'n Afrikaanse digter nie opgegroeï het nie, vandaar dan ook die feit dat Totius draer geword het van onvervalste voorvaderlike ideale, en dat hy dit altyd verdedig het.

Hy, Jacob Daniel, is op 21 Februarie 1877 in die Pêrel

DIE DIGTER TOTIUS.

gebore, dus net mooi in 'n tyd toe die Genootskap van Regte Afrikaners besig was met hulle propagandawerk. Vroeg reeds het Totius sy moeder verloor. Oor die sagte, veredelende invloed wat sy op hom gehad het, skrywe hy: „En dan dink die skrywer hiervan aan die tyd terug toe hy drie- vier jaar oud was, toe sy bewussyn ontwaak en die allereerste besef ontkiem het, dat hy 'n *moeder* het. Veel weet hy nie van haar nie — maar sy herinnering slaan nog maklik 'n brug na die anders onbegrypbare verlede, toe hy smorens deur sy moeder gevoed en aangeklee, met 'n geruite oorjurk as 'n skild voorsien, in die agterplaas gestuur is om met sy ouer broer onder die groot eike te speel. Daar was die hoë gimnasiummure, die buitekamer, waarin die „Patriot-pers” staan; daar die dak van eikeblare; daar die groot waterval ens. In die druk kindergedoente het moeder vër agterwaarts gewyk. Maar nou — na soveel jare — kom sy weer helder vorentoe en gevoel die skrywer die volle weelde van moederbesef; voel hy die diep, ryk agtergrond, waaruit ook sy lewe opgestaan het.”⁵⁾ Later, toe hy van sy beste gedigte skrywe, moes sy moeder telkens voor sy gees geswee het, want in Rachel vind ons treffend veraanskoulik die „moederbesef”. Ons weet ook uit die lewe van die geesverwante digter Gezelle hoe sy moeder verinnigend op sy gemoed gewerk het, terwyl sy vader, wat 'n „aardigaard” was, heelwat te doen gehad het met sy hele kyk op die uiterlike lewe, die natuur, die taal.

Na sy moeder se dood het Totius op sewejarige leeftyd, saam met sy broer, by sy godsdiensvaste ouma gaan inwoon. „Een herinnering verdring egter al die andere nl. hoe hy smorens om 4 uur saam met haar opgestaan het, om na te kyk as sy in die Bybel en Dagboek lees — Die ou famieliewoning met sy strooidak, sy klein ruitjies en vensterbanke, sy ouderwetse glasekas en staan-horlosie, sy sobere, blinkgevrewe meubels, sy halwe lig, sy rustige ruimte, en daar tussen die stille, ietwat tengerige gestalte van sy grootmoeder — kyk, daaraan terug te dink, is genoeg om sy gemoed te verdiep om uit sy wankeling weer op 'n fondament neer te sit.”⁶⁾

In Maart 1882 vertrek ds. Du Toit na Pretoria, en hierdie verhuising bring dan ook groot verskil van omgewing vir Totius, want in hierdie nuwe sfeer het nog die nagloed gelewe van die heldedade van die Vryheidsoorlog van 1881, en in *Trekkerswee* herinner sommige tonele ons sterk aan

DIE DIGTER TOTIUS.

hierdie tydperk. Hoe ouer Totius geword het, hoe meer begrip het hy gekry van sy Vader se werksaamheid; later help hy selfs mee om sy vader se redaksie-werksaamheid te verlig. Gedurende die tydperk wat hy Superintendent van Onderwys in Transvaal was, probeer ds. Du Toit om sy Calvinistiese ideale op die terreine van onderwys en staatkunde toe te pas. „Tot die koms van dr. Leyds,” verklaar Ds. Du Toit, „was ek die vertroude raadgewer van pres. Kruger. Die enigste punt van verskil tussen die Kruger-regering en my was die konsessiepolitiek.”⁷⁾ Moeilikhede in verband met Ds. Du Toit se werksaamheid in Transvaal het oral kop-uitgesteek, veral sedert die deputasies na Europa in 1883—1884 en die moeilikhede op die Westergrens. In 1889 het hy sy werk as Superintendent in Transvaal neergelê, om soos hy gesê het, hom „te wy aan die drukpers, maar veral aan die Afrikaanse Taalbeweging en Bybelvertaling.”⁸⁾ Totius het vir ’n tydlank skoolgegaan in die Gedenkskool in Daljosaphat, waar o.a. ook D. F. Malherbe en A. G. Visser hulle eerste opleiding geniet het. Daarna was hy op ’n Duitse kosskool op Morgenzon, in die distrik Rustenburg. Die strenge en deeglike onderwys hier is deur medium Duits gegee.

In verband met die hoofonderwyser van die Gedenkskool teken Totius later aan: „Met ’n onuitspreeklike gevoel van piëteit en waardering dink die skrywer van hierdie boek terug aan die onderwyser van sy jeug, die man aan wie hy sy grondvorming te danke het — ’n man van ’n goeie geleerdheid, beslisheid en vaste beginsels, en tog innemend van aard, vriendelik en hartlik, die voorkomendheid en beleefdheid in persoon.”⁹⁾

Toe sy vader hom weer aan die „drukkers” begin wy, het die jong seun as handlangers gedien. Totius het in 1895 b.v. gehelp om die *Geskiedenis van Ons Land in di Taal van ons Volk* van sy vader te verwerk en behoorlik aan te vul. In 1896 het hy sy vader vir ’n weeklank vervang in die redaksiekantore van *Het Dagblad*. „Sy eerste jeug het gestaan onder die bestraling van hooggespanne, wydswewende, kragdadige Christelik-Nasionale en Christelik-Internasionale Idealisme.”^{10a)} Die teleurstelling wat hierdie rigting, waarvan sy vader die groot voorstander was, gely het, het Totius op ander weë laat gaan as sy vader; hy het n.l. almeer ingekeer tot homself. Van 1896 tot 1899 het Totius opleiding geniet aan die Teologiese kweekskool in

DIE DIGTER TOTIUS.

Burgersdorp. „Wat vorming in Burgersdorp betref — wel, ek het daar gekom as oortuigde Calvinis (my vader het dié oortuiging by my gewek en gefundeer). In dié oortuiging is ek versterk deur my studies in Burgersdorp. Ons het toe al boeke van Kuyper en Bavinck bestudeer. In Albert-distrik het ek ook lewende kontak gevind met die stoere ou mense onder wie die Afrikaner Bond en Afrikaanse taal eerste wortel geskiet en 'n belangrike uitbreiding en vastigheid verkry het.”^{10b)}

Iemand getuig op 9 Junie 1899 in die Studenteblad van die kranigheid van die klein redakteurtjie, wat 'n vonkie Afrikaanse nasionaliteitsgevoel begin uitstrooi het. Sy blaadjie was net so klein as die redakteur, maar, „kracht zit er echter in deze Kleine.” Totius het in 1898 bydraes gelewer. Die interessante prof. Lion Cachet het hier groot invloed op hom gehad. „..... hy was 'n pessimis — hy het die dinge eerste van hulle slegte kant bekyk.”^{11a)}

In hierdie blad het, in die amptelike studentetaal van hierdie tyd, 'n paar Hollandse gedigte van Totius verskyn. Op 14 Junie 1899 lê hy sy proponentseksamen af, waarna hy na Transvaal vertrek, waar hy op verskillende plekke gepreek het. Later gaan hy met die Heidelbergse en Potchefstroomse kommando's saam as kommando-predikant, tot hy in Mei na die Vrye Universiteit in Amsterdam vertrek. In die buiteland is Totius se godsdienstige lewensbeskouing — as mens in oog hou aan watter universiteit hy gestudeer het — baie verdiep. Op 23 April 1903 promoveer hy met lof op 'n proefskrif *Het Methodisme*. Na sy terugkeer in sy vaderland in Mei 1903 is Totius na Nylstroom, waar hy getroud is met mej. M. Postma. In dieselfde jaar is hy bevestig as gereformeerde predikant van Potchefstroom. Sedert 1911 is hy Hooglêeraar aan die Kweekskool en is sy naam innig verbonde met die van hierdie inrigting. Van daardie tyd af het hy 'n werkkragtige lewe gelei, het hy veral op teologiese gebied heelwat geskrywe en het in sekere kringe gesaghebbende invloed verower, nie alleen deur sy omvattende geleerdheid nie, maar veral deur sy beminlike, beskeie, simpatieke persoonlikheid.

Die invloed wat Totius gedurende sy jeugjare ondergaan het, het van oorwegende belang gebly vir sy latere lewe: dit is die agtergrond van sy hele lewensuitkyk, die plek waar die wortels van sy latere ontwikkeling en ontplooiing lê. Die terrein van sy werksaamheid word nie bepaal deur sy daad-

DIE DIGTER TOTIUS.

lustigheid soos die geval by sy vader was nie. Hy is in die eerste plek digter en geleerde. Sy gees is na binne gerig, hy neem die buitewêreld op en verinnerlik dit tot *sy* wêreld. Plaas die portret van Totius naas die van sy vader, en die verskil is dadelik opvallend — die onderskeid in tiepes tussen die weemoedig-berustende mens en die aktiewe planemaker. Die weemoedige uitdrukking op Totius se gelaat vertoon veel ooreenkoms met die van 'n Gezelle, 'n Mörike s'n. Pessimisme is dit allermens. Die lyne van die gelaat, die neerhangende hoekmond, die blik in die oë: alles getuig van die weemoed waarin die digtersiel lewe, 'n weemoed wat ons altyd aantref by digters met sterk introspektiewe neiging, innige oorgawe. Dis die tiepe digter wat oop staan vir indrukke van buite. Soos Ermatinger dit in verband met Mörike uitdruk: „Er konnte als Dichter nicht anders, als die Natur wie die strahlen eines dichten Regens auf sich eindringen lassen.“^{11b)}

Willoosheid is dit egter nie, soos Vermeylen dit dan ook uitdruk in verband met Gezelle: „Die zoetgevooisde mond, met den bedroefden plooi; dat zoo levendig gezicht, schuchter, maar met een eigen strenge zekerheid in zich.“¹²⁾ In verband met Totius gee *Die Brandwag* die volgende beskrywing: „Totius se hele verskyning teken die denker en die idealis. Hy gee 'n indruk asof sy gees altoos besig is met hoëre aangeleenthede, die opwaarts gerigte blik, die nadruklike erns waarmee hy optree, is onvergeetlik. By dit alles het hy in die omgang 'n beminlike tikkie humor, waarvan in sy werke egter maar min te voorskyn kom. Hy is een van die beskeidenste mense en daarby vrygêwig met sy hulp en kragte. Hy besit dan ook 'n eerbiedwaardige werkkrag.“¹³⁾

Vir ons doel is dit genoeg dat ons 'n paar sobere mededelings gedaan het in verband met die persoon, lewe en ontwikkeling van Totius — alleen mededelings wat ons kan help om sy groei as digter en die agtergrond waaruit sy werk opgestaan het, beter te begryp. ♡

IV.

Anders as soveel digters van die Tweede Taalbeweging het Totius reeds voor die Engels-Boere-oorlog sy eerste vertaalproewe gelewer,¹⁴⁾ werk wat heeltemal in die gees is van dié van die ou Patriotmanne. Die verdieping wat daar in

die liriek gekom het as gevolg van harde oorlogservaring is duidelik in Totius se werk te volg, want hy lewe so innig saam met die volk dat ook in sy kuns die innerlike styging merkbaar is, wat in die innerlike van die volk as geheel voltrek word.

Wanneer ons die werk van die Eerste Beweging oordeel dan mag ons geen estetiese maatstaf aanlê nie, want die hele verskuns is ontspring uit 'n kultuur-historiese bodem, wat ons gedurig in die oog moet hou wanneer ons tot 'n waarde-bepaling van enige betekenis wil kom. Lê ons 'n estetiese maatstaf aan wanneer ons Totius se eerste vertaalproewe lees, dan is dit alleen om sy latere ontwikkeling beter te begryp, om die lyn van sy digtersgroeï duideliker te sien. Gedurende *Ons Klyntji* se tydperk van voor die oorlog merk ons reeds — of dit nou al in die keuse van die stof van vertalings lê of in oorspronklike rym pogings — dat daar hier en daar reeds klein glansplekkies, veral in die segging, te bespeur is. Immers: *Ons Klyntji* het beweer dat hy wil leer goed skrywe waar die Patriot net leer skrywe het. Deurdat die kulturele peil so laag was, die grond waaruit goeie liriek opbloeï so skraal was, darem kan ons begryp dat in die sfeer van politieke opwinding daar nie veel kans sou bestaan dat ware kunsskoonheid kon ontluik nie.¹⁵⁾ Daar was ook geen langsame, rustige ontwikkeling wat moontlik tot die voortbrenging van goeie volkskuns kon lei nie. Die Oorlog het soos 'n skok gewerk, oud en nuut deur 'n kloof laat skei. Gedurende die Eerste Beweging is daar nog geen sterk omlynde digterpersoonlikheid nie — die meeste gedigte word naamloos gepubliseer. Die verstandelike rymvaardigheid word nog nie gedra deur 'n breë stroom van die emosie nie: daar is afwesigheid van geestelike erns, iets wat die oorlog eers bring. En eers deur geestelike erns, verantwoordelikeïdsbesef teenoor die Lewe in al sy veelvuldigheid, geraak die digter tot diepte van aanskouing, en met behulp van 'n fynontwikkelde taal veruiterlik hy wat hy innerlik deurlewe het. Ook in Nederland het die opgewonde Geusieliedere, wat in meer as een opsig ooreenkoms vertoon met die verskuns van die Patriotmanne, 'n tydperk van besonkenheid, van verstilde skoonheidsverdieping, voorafgegaan. Die vorm moet voorlopig altyd ly — dis gewoonlik onbeheers. Later kom die dieper harmonie, die onskiedbare eenheid tussen inhoud en vorm, wat getuig van 'n digtersgees wat tot rypheid geraak het,

DIE DIGTER TOTIUS.

gedra deur 'n volk met dieper kulturele vorming. Die erns wat die Ou Patriotmanne egter deurgaans openbaar is teenoor die Skepper, maar hierdie erns vind geen diep verklanking in hulle poësie nie, dit beweeg in die vorm van 'n eenvoudig geuite gebed in rym. As Calviniste buig hulle vol eerbied voor God en soek na Sy leiding. Gevoel vir die natuur, ontdekking van God se onophoudelike skeppingswerk in die natuur, was totaal afwesig, omdat die natuur eers sy verborge, versluerde aangesig openbaar vir diegene wat hulle liefdevol daaraan oorgee sonder 'n poging om nuttige lesse uit sy verskynsels op te teken. In S. J. du Toit se *Nag en Dageraad in Matabeleland* merk ons dat daar reeds treffende verbeeldingskrag is, en is daar 'n uitstyging merkbaar bokant die gewone, alledaagse siening. Maar die diepere bindmiddele, die sintetiese krag van die kultuurdigter is hier nog afwesig. Die konsepsie droom reeds in die onbewuste, maar in die veruiterliking gaan die skoonheid daarvan verlore; die waarneming kom nie in die bestraling van 'n warm verbeeldingsdrif nie. In sy *Moselekatse* sal Totius later toon hoe die kultuurdigter met suggestie — en klankmiddele kan werk om die waarde van 'n verwante siening te verhoog. Totius se eerste pogings deel egter ook nog die gebreke van daardie tyd se verskuns — so is die digter kind van sy tyd!

V.

Die jeugwerk van baie digters, hoe waardeloos dit ookal mag wees gesien vanuit 'n skoonheidstandpunt, win dikwels aan belangrikheid as ons dit in verband bring met die digter se latere ontwikkeling. Baie jong skrywers vertaal eers die werk van 'n bewonderde voorbeeld, en in die keuse van die vertaling merk ons dikwels ook watter kant sy ontwikkeling sal uitgaan.

By Totius as jong seun openbaar die rymkoors hom ook. Hy verkeer nog in sy romantiese periode en voel hom aangetrokke tot die vertaling van romantiese werk. In *Afrikaanse Gedigte, byeenfersameld uit wat in die laaste dertig jaar verskyn het* (1876—1906), wat oorspronklik in *Ons Klyntji verskyn het*, kom die volgende gedigte, van Jaduto ('n saamtrekking van klanke in Jakob du Toit) voor:

Edwin en Angelina (Goldsmith vry nagevolg).

Rikardo en Isolina ('n ware verhaal uit Suid-Amerika).

DIE DIGTER TOTIUS.

Lenora (naar die Hoogduits van Bürger).

Di Fisser (Ramler).

Ka'in aan di oefen van di Meer (Leopold).

Onder *Minnedigte* van dieselfde versameling kom voor: *Di Hyde-rosie* (Goethe). As onderskrif van hierdie vertaling word vir minder ontwikkelde lesers bygevoeg: „Rosi stel natuurlik 'n mysi voor.”

Hierdie vertalings van Jaduto dateer uit die tyd November 1895 en Januarie 1896: hy het dus nog nie sy twintigste jaar bereik nie. Gedurende hierdie jare is die jong digter ook besig aan 'n geskiedkundige gedig, en het die inleiding tot voltooiing gebring „waarin geskilder word die stilte van die natuurlewe wat voorafgaan aan ons gebeurtenis in Natal.”¹⁶) Gedurende hierdie tyd lees die jong digter by voorkeur uit Goethe en Schiller, en tog bring die lees van die klassieke Duitse digterpaar hom nie daartoe om tot 'n sterker uitbeelding te kom as die meeste van sy tydgenote, wat so seer deur politieke, godsdienstige en taaltoestande beheer word nie. Inteendeel: ons merk geen besondere verdieping in sy styl nie. Sy onmiddellike omstandighede beheers hom blykbaar meer as die boeke waardeur hy in aanraking kom met die Wes-Europese kultuur. Daar is ook geen sprake van oordraging en aanpassing van ander kultuurwaardes op eie bodem nie. Dit verbaas ons ook nie om te verneem dat hy hom besighou met Bilderdyk se poësie nie — immers sy vader was 'n vurige bewonderaar van hierdie Calvinistiese digter. Van die latere Totius hoor ons miskien maar net iets in die verte in hierdie vertaalkwerk, die meeste nog in die *Hyde-rosi*, wat wortel in 'n algemeen-Europese liefdesmotief. Die oorhelling na die weemoedige, iets wat Totius se latere poësie kenmerk, is hier aanwesig, maar dit word meer gebore uit digterlike onmag, bepaal deur die algemene toon van die oorspronklike en nie deur 'n dieper lewensberusting wat die verganklikheid van aardse verskynsels gelate erken nie.

In *Edwin en Angelina* se vertaling bv. — die deur-en-deur romantiese gedig van Goldsmith, met sy duidelik sentimentele inbuiging — kry ons heel weinig oorspronklikheid in die Afrikaanse digter se oordraging: daardie wonderlike vermoë om alle fyne betekenisse en nuanses van die oorspronklike aan te voel, die stemming as geheel op te vang dat die essensie nie verlore gaan nie. Die oorspronklike in hierdie geval is self nie buitengewoon nie, maar veral

DIE DIGTER TOTIUS.

Jaduto se gebrek aan taalvaardigheid — moet ons dit alles op rekening van die tyd plaas? — maak die vertaling swakerig en sonder veel bekoring.

'n Bewerking soos van die volgende, met die duidelike gevoeligheid vir stemming, vir die weemoedige toon, kondig die latere Totius aan:

Soft as the dew from heaven descends,
His gentle accent fell,
The modest stranger lowly bends,
and follows to the cell.

By Jaduto:

Sag soos di dou wat nederdaal
Op blomtjies onbeskut:
so fal syn woorde en hy breng
di pelgrim in syn hut.

Dit is of ons iets van *Trekkerswee* se verhalende toon verneem, maar baie onduidelik nog, want hier tas 'n ontwakende siel nog maar in 'n newelland rond en voel hy nog nie intuitief die grense van sy vermoë aan nie.

Totius se liefde vir die karakteristieke trekkies van klein *dingetjies* waardeur hy gewoonlik die beeld wat hy skets, wil verdiep en verinnig, styg onvas uit die volgende, let op die afwyking in die vertaling:

Around in sympathetic mirth
Its tricks the kitten tries,
The crickets chirrup, in the hearth
The crackling faggot flies.

By Jaduto:

Rondom hul speul syn klyne kat
onskuldig op di grond.
'n Kriki, uit syn gat gekruip,
Spring op di fuurhert rond.

In *Rikardo en Isolina* kom die volgende reëls voor wat reeds wys op gevoelsinnigheid, 'n weergawe van stemming:

Langs di oewers fan La Plata
waardeur hy syn waters skiit,
Styg alweer fan uit di Klooster
Sag di soete awendliid.

DIE DIGTER TOTIUS.

Die vertaling van Bürger se grieselige volkslied *Lenoro*, 'n gedig wat in sy tyd so'n verbasende invloed op die hele Wes-Europa gehad het veral om sy beeldende en suggestief-geheimsinnige segging, is weinig geslaag. Totius het nêrens Bürger se beeldende krag ten volle bewaar nie. Hier en daar is die vertaling egter nie onverdienstelik nie:

Was klang der für Gesang und Klang?
Was flattern die Raben?
Horch Glockenklang! horch Totensang:
„Lasst uns den Leib begraben!“
Und näher zog ein Leichenzug
Der Sang und Totenbare trug.

By Jaduto:

„Wat hoor ek daar tog 'n gesang,
Wat fladder tog di rawe?
Hoor! klokgelui! hoor! dodesang:
„Laat ons di lyk begrawe“
*En nader kom di swarte wa,
Wat kis en dode liggaam dra.*

Die deurstroming van die voorstelling, soos so goed gedaan is in die oorspronklike, het die Afrikaanse digter taamlik mooi behou — selfs is die werking van die a-klank wat die grieselige stemming verhoog, nie onverdienstelik deur Jaduto in Afrikaans gegee nie.

By die jong Afrikaanse digter word op meer as een plek die verderflike invloed van die retoriese Bilderdyk, van die „huislike” voor-tagtigters, geopenbaar. Die aard van die onderwerpe wat hulle besing het, het ook dadelik verwantskap aangedui met Nederland se „vaderlandse” digters. In die genoemde versameling Afrikaanse gedigte ontbreek bv. nie Tollens se banale gedig oor die eerste tand van sy seuntjie nie! By Jaduto kry ons ook veel retoriek soos:

„Die kluisnaar sien di *soute stroom*,
wat in syn oge *swel*.

en

Frees hy ni fir donderstorme
fer die bliksems *fuurge tand!*

DIE DIGTER TOTIUS.

Selfs in sy latere werk verskyn nog hier en daar 'n breedsprakerigheid en dan weer 'n byna banale prosa-eenvoudigheid: dinge wat oorgeskië het uit hierdie tydperk. In *Ka'in aan di Oefer fan di Meer* vind ons die sonde — en skuldgevoel van Kaïn — miskien daarom dat Totius dit uitgesoek het vir vertaling:

As myn lyf tot stof fermaal,
deur di stormwind word gehaal,
so anskou ek, Ka'in, tog
Godes ywer wraakfuur nog!

Sonder wraak en sonder tal
Woed in my myn grote fal,
Sonder grense, duur en tyd,
tot in alle ewighyd!

Di Hyde rosi word later behandel, omdat Totius sy vertaling dan sorgvuldig oorwerk het en daardeur toon hoeveel suiwerder sy gevoel en vormvermoë geword het. Maar wat sy eerste vertaling betref, die bly nog maar louter waarneming, nie tot kuns gegroei deur aandagtiger aanskouing nie, nie verinnig en geadel deur 'n temperament gesien nie. Totius kies dan ook gedigte wat aanpas by die Taalbeweging se arbeidsveld. Maar self al sou hy goeie kunswerk vir vertalingdoeleindes geneem het, sou hy in hierdie tyd seker die skoonheid daarvan verwater het.¹⁷⁾ Watter verandering die oorlog, watter dieper verantwoordelikeidsbesef dit wakker gemaak het, merk ons baie duidelik aan Totius se hele ontwikkelingsgang as digter. Die oorlog sny sy hele vroeër digterskap, so nou verbonde met wat in daardie tyd voortgebring is, af van sy latere groei.

Dit is inderdaad soos 'n Franse skrywer dit in verband met die groot Europese oorlog uitgedruk het: „Tussen die geslag van voor en van na die oorlog lê 'n skeiding so breed soos die hou van 'n swaard!”